Liewe Mamma en Pappa

Om 'n masker te dra is ongewoon, behalwe as jy natuurlik 'n superheld is! Dit is 'n noodsaaklike gewoonte wat ons Graad R maatjies moet aanleer en wil ons hulle graag op 'n speel-speel manier motiveer om 'n masker te dra.

Ons wil dus vir hulle elke dag uitdaag om die masker vir 'n sekere tyd te dra. Die aantal minute raak by die dag meer en sal die leerder aan die einde van die week met gemak die masker vir 25 minute kan dra.

Die doel van hierdie uitdaging is om die leerders voor te berei, vir wanneer dit ons beurt is om terug te keer skool toe.

Die tydaanduiding vir die daaglikse uitdaging word in die rooster onder "Breinoefeninge" aangedui. Die uitdaging kan enige tyd van die dag aanvaar word, maar sal die ideale oefentyd gedurende "skooltyd" (08:00 – 13:00) plaasvind,

**Wenk**: Gebruik 'n horlosie/"timer" en verduidelik vir die kind hoe lank hy/sy die masker moet ophou. Baie kinders verstaan die konsep van tyd beter as hulle dit fisies kan sien en weet dan wat van hulle verwag word.

Aanhouer wen, sien jy kans vir die uitdaging?

Gr. R opvoeders